### *Onbegrip vir die beeldspraak van die bergrede*

**41** **Die owerpriester** sê: "Ja, ja U mag daarin ook korrek wees, en ek sal nie, en op hierdie stadium kan ek nie, betwis of en watter tipe gees daar in U opvoedkundige beeldspraak is nie. Een ding wat U egter nie kan betwis nie, is dat wanneer ek byvoorbeeld verlang om `n lering aan iemand oor te dra en ek wil hom laat verstaan en dit laat uitvoer as my leerling, moet ek die lering sekerlik op so `n manier oordra dat my leerling dit in die ware sin van die woord sal verstaan. As ek eenmaal weet dat my leerlinge die volle innerlike wese van my lering begryp het, het ek die volste reg om van my leerlinge te eis om op te tree volgens my lering.

[3] ....En as ek dit in alle erns vereis het, sal ek vir denkende mense wees soos `n man wat water dra in `n verseëlde houer en wanneer `n dorstige man na hom toe kom om te wil drink, die waterdraer onmiddellik die verseëlde houer aangee en sê: Daar het jy die houer, drink! Die dorstige man probeer dan drink, maar kan nie `n opening kry nie en vra die draer: Ek kan nie drink vanuit hierdie houer nie, want sy is van alle kante af verseël, en die draer sê vir hom: As jy blind is en die opening nie kan vind nie, sluk dan die hele houer in en jy sal dus so die water ook daarmee saam insluk.

[4] Vertel my, U andersins dierbare en wyse Meester, wat sal so `n dorstige man sê vir so `n draer? Ek dink hy kan regverdiglik in hierdie geval die draer `n dwaas noem.

[5] Dit beteken nie dat ek U `n dwaas wil noem nie, maar as U dit sê oor ons geestelike blind- en doofheid, kan ons die Gees van U lering nie begryp nie. U lering sal steeds wees soos die water in die verseëlde houer waar die dorstige man inder-waarheid die houer saam met die water moet insluk, `n bevel wat slegs kan kom van `n profeet wat ontsnap het uit `n sielsieke gestig.

[7] **Ek** sê: "Ek is van mening dat die Wetgewer geregtig is om of die wet so te laat, en haar Self te vervul ooreenkomstig die Gees en Waarheid of om haar in geheel onder sekere voorwaardes af te skaf."

[8] **Die owerpriester** sê: "Dit klink nou eienaardig komende van U mond. Vanmôre sou ek so `n woord uit U mond eerbiedig het, want toe het dit werklik vir my gelyk of U waarlik die beloofde Een was. Maar na hierdie lering wat U vir ons gegee het, het U in my oë `n kranksinnige geword, wat genot daaruit put om Sy vaste idees aan ons voor te lê as die beloofde Messias se Wysheid. Daarom moet U eerder nou U streng lering verduidelik, want sonder genoegsame verduideliking sal niemand dit kan begryp en daarvolgens optree nie."

[9] **Ek** sê: "Vertel my dan wat dit is in My lering wat jou so baie verwar en Ek sal die probleem vir jou oplos."

[10] **Die owerpriester** sê: "Ek het dit alreeds verskeie kere genoem, maar om U te wys dat ek `n baie redelike en gelykmatige man is, vertel ek U nou dat ek al die ander punte van U lering as goed en wys sal aanvaar, maar kan onmoontlik nie die uitruk van oë en die afkap van hande en voete aanvaar nie. Dink self daaroor of dit moontlik is om jou oë uit te skeur. Ook, sal die een wat self een van sy hande of voete afkap, nie doodbloei nie? En as hy eenmaal dood is, watter vrugte van verbetering sal hy in staat wees om te lewer?

[11] Kyk, dit is die onpraktiese punt van U lering wat nooit redelikerwys aan voldoen kan word nie en as daar ooit enige dwase is wat aan so `n lering wil voldoen, sal hulle geen verbetering daardeur bereik nie. Want as iemand dit oorleef, sal hy nie vir Elohim loof oor die ellende wat so `n lering, waar beweer word dat dit van Elohim afkomstig is, hom aangedoen het nie."

[12] **Ek** sê: "Nou goed, jou versoek is billik genoeg en Ek sê vir jou: Onder al die priesters sedert Samuel is jy die wysste, want jy het `n eerlike hart en basies verwerp jy nie My lering nie, maar verlang slegs dat dit verduidelik moet word. Daarom sal Ek ook vir jou die Lig gee. Hierdie Lig sal nie vanuit My mond kom nie, **maar van die mond van een van My leerlinge.** Draai jou nou na een van My leerlinge, wat aan jou sal bewys dat My lering alreeds verstaan word deur mense sonder My verduideliking."

### *Nathaniël lê die bergrede duidelik uit*

**42** Hier draai **die owerpriester** hom na Nathaniël en sê vir hom: "Op jou Meester se versoek wend ek myself nou na jou. Sal jy daarom ten minste die moeilikste deel van jou Meester se lering aan my verduidelik. Maar gebruik asseblief slegs duidelike en suiwer woorde, want met `n newel bo-oor `n ander newel kan `n kamer nie verlig word nie. Praat dan nou."

[2] **Nathaniël** antwoord: "Is jou verstand so geslote dat jy nie `n duidelik gegewe lering in die ware sin van die woord kan begryp nie? Het feitlik al die profete nie voorspel **dat die Messias Sy mond sal open en slegs in gelykenisse tot die volk sal spreek nie?"**

[3] **Die owerpriester** sê: "Ja, jy is korrek, dit is hoe dit geskrywe staan."

[4] **Nathaniël** gaan voort: " Wel, aangesien jy as een wat goed in die Skrifte onderrig is, dit dan weet, waarom noem jy die Meester `n dwaas, want volgens die Skrifte sal Hy Sy mond dan open met gelykenisse? Jy mag natuurlik die Meester vra vir `n lig om jou te help om dit te verstaan, maar moet Hom nie `n dwaas noem as jy nie Sy versinnebeelde toespraak kan verstaan nie, aangesien jy nog onkundig is aangaande sulke goddelike sake.

[5] Voorwaar, alle dinge in die natuur het hulle orde en kan slegs bestaan binne hul spesifieke orde. So het ook die dinge van die gees hul spesifieke orde, daarbuite kan hulle nie bestaan, of bedink word, of in woorde uitgedruk word nie. Daar is egter en bestaan `n presiese ooreenkoms tussen die natuurlike en geestelike dinge, aangesien eersge-noemde voortgegaan het vanuit laasgenoemde, waarvan uiteraard slegs die Meester alles in besonder weet.

[6] Daarom, wanneer die Meester ons – ons wat nog almal binne die vasgestelde orde van die natuurlike bestaan is, - vertel van die geestelike dinge, kan Hy dit slegs doen deur van beeldspraak gebruik te maak. Ten einde dit behoorlik te verstaan, **moet ons streef om ons gees wakker te maak deur Elohim se gebooie te onderhou.** Wanneer hierdie ontwaking plaasgevind het, sal ons alles wat die Meester gesê en in so `n ooreenkomstige gelykenis geopenbaar het, duidelik verstaan en dit is dat Sy goddelike Woord vir ewig sal verskil van ons menslike woord.

[7] Maar let nou goed op: Wat die oog vir die natuurlike mens is, is dit die gees wat die vermoë het om die goddelike en hemelse dinge te beskou, wat alleenlik die natuur van die gees bevorder ten opsigte van sy mees geseënde ewige bestaan.

[8] Aangesien die gees egter, volgens die mees noodsaaklike goddelike orde, vir `n sekere tyd in hierdie wêreld in die materie van die vlees gevange gehou moet word, sodat dit vas kan word in sy vryheid en amperse totale onafhanklikheid van Elohim, waarsonder dit nooit die vermoë sou hê om die Elohim te sien nie, om nie eers te praat van bestaan binne, langs en met Elohim nie, (maar as die gees ryp word binne die materie en ferm word in vryheid en onafhanklikheid van Elohim, word dit blootgestel aan die onafwendbare gevaar om ingesluk te word deur die materie en om daarmee saam te vergaan, waaruit van hierdie dood `n ontwaking tot lewe in Elohim is en wat uiters hard en pynlik moet wees). Die Meester het gesê, nie vir die fisiese mens nie, maar natuurlik vir die geestelike mens: As jou oog jou laat oortree, ruk dit uit en gooi dit weg, want dit is beter om die koninkryk in te gaan met een oog, as in die hel met twee oë. Wat dieselfde beteken as: **As jy die lig van die wêreld te begeerlik vind, wend `n poging aan en draai weg van so `n lig,** wat jou in die dood van die materie sal intrek. Ontneem jouself as gees van die leë bevrediging wat plesier van die wêreld kan bied en keer met jou siel terug na die suiwer hemelse dinge, want dit is vir jou beter om die koninkryk van die Ewige Lewe binne te gaan **sonder baie wêreldse kennis** as om ingesluk te word deur die dood van die materie. – Te wêreldwys aan die een kant en te min geestelik wys aan die ander kant.

[9] As die Meester hier gepraat het van twee oë, hande en voete, het Hy nie hierby bedoel die twee oë en die twee hande en voete van die liggaam nie, maar slegs die vanselfsprekende dubbele vermoë van die gees om te sien, te handel en te verbeter. Hy waarsku nie die vlees wat geen lewe het nie, **maar die gees om homself nie met die wêreldse dinge te bemoei as hy te veel aangetrek word daardeur nie**. In daardie geval is dit beter om die Ewige Lewe binne te gaan sonder die kennis van die wêreld as om as gevolg van te veel wêreldse kennis ingesluk te word deur die onvermydelike oordeel van die wêreld.

[10] Die gees sal natuurlik ook die wêreld sien en haar leer ken, maar sal nie daarin plesier vind nie. Wanneer hy begin voel dat die wêreld hom aantrek, sal hy onmiddellik wegdraai van die wêreld omdat gevaar reeds dreig. Voorwaar, hierdie noodsaaklike wegdraai word uitgedruk deur die ooreenkomstige beeld van die uitskeur van `n oog en Hy wat in staat is om so `n toepaslike beeldspraak te gee, moet sekerlik goed onderrig wees in die mens se geestelike en materiële omstandighede. Na my mening, is dit slegs moontlik vir Hom deur wie se Mag, Liefde en Wysheid alle dinge geestelik en materieel geskep is. Ek dink jy sal my nou verstaan en besef hoe skaamteloos jy gesondig het teenoor die Een wie jou sowel as al ons lewens in Sy Almagtige Hand dra."